POSBUS 97
MOORREESBURG, 7310
TEL: 022-433 1607
FAX: 086 642 9902
info@swartlandskou.co.za

**SWARTLANDSKOU SKEER KAMPIOENSKAPPE 2024**

Ons is vanjaar ongelooflik opgewonde om 'n Skaap Skeer en Wolhantering Kampioenskappe aan te bied in samewerking met die **Skeer Federasie**.

Hierdie inisiatief is in samewerking met **Dr Jasper Cloete van Elsenburg Landbou Kollege** en Organiseerders van die Skou se Kleinvee afdeling, Jannie Durr en Magdel Mostert, aangepak.

Tydens hierdie Kampioenskappe kan skeerders ***kwalifiseer vir die 2025 Nasionale Kampioenskappe waar die Protea Span aangekondig word vir die toekomende Wêreld Kampioenskappe***.

Namens die Bestuur van Swartlandskou en die Kleinvee Afdeling wil ons u graag nooi om die Kampioenskappe wat Saterdag 7 Sepember by die Kleinvee Arena plaasvind, te kom ondersteun.

Beoordelaars met hul Springbok Kop Beoordelings Kwalifikasie gaan hierdie Kampioenskappe vir ons beoordeel. Ons beoog om skoliere te nooi van vier skole wat Skeer aanbied. Sowat 300 skape gaan op die dag geskeer word.

Dit gaan die moeite werd wees om vanjaar by die BKB FNB Kleinvee Arena 'n draai te maak. Ons hoop ons sien julle daar!

| | |
|---|---|
| **Waar:** | BKB FNB Kleinvee Arena |
| **Tyd:** | 9h00 vm |
| **Datum:** | 7 September 2024 |
| **Inskrywingsfooi:** | R50.00 per skeerder |

**ONS INSKRYWINGS KLASSE GAAN WEES SOOS VOLG**

1. Beginner Wolhantering
2. Ope Wolhantering
3. Handskeer
4. Junior/Beginners Masjienskeer- minder as 50 skape per dag skeer
5. Intermediate Masjienskeer- meer as 50 skape per dag skeer
6. Ope Masjienskeer – meer as 100 skape per dag skeer

Kom kyk hoe wol vagte gegooi en afgerand word en geniet die Kampioenskappe saam met ons. Ervaar die vernuf en kennis van ons Skeerdienste en skolier skeerders.

Inskrywings en navrae: **Dr Jasper Cloete 083 3964 097**